# Die Bybelkundekernleerplan van die Suider-Afrikaanse Bybelkundevereniging

PM Venter

**Abstract**

**The Core Syllabus of the Southern African Society for Biblical Studies**

In this evaluation of the Core Syllabus of the Southern African Biblical Studies Society, two factors are taken into account: the history of this society, and the trends in curriculum design which influenced the formulation of this syllabus.

## 1. INLEIDING

Die Bybelkundekernleerplan vir Suid-Afrikaanse universiteite is 'n amptelike dokument van die Suider-Afrikaanse Bybelkundevereniging. Dit het as agendastuk gedien op die Bybelkundekongres van 1983 en is op daardie kongres as die Kernleerplan van die vereniging aanvaar. Die Kernleerplan is ten nouste verbonde aan die bestaan van die vereniging en moet gelees en geëvalueer word teen die agtergrond van die geskiedenis van die Bybelkundevereniging, sowel as die gedagterigtings wat op die kongresse en in die beoefening van die vak Bybelkunde hier te lande aangetref word.

## 2. TOTSTANDKOMING, DOELSTELLINGS EN KOERS

Die Suider-Afrikaanse Bybelkundevereniging stel homself, onder andere, ten doel 'om deurlopend aandag te gee aan die standaard van sillabusse en van die beoefening van die vak (d i Bybelkunde)' (Konstitusie, Doelstellings 2.4). Die belang by sillabusse spruit daaruit dat die lede van die vereniging uit die volgende kategorieë bestaan:

- persone wat gemoeid is met die onderrig van Bybelkunde aan universiteite en staatsonderwyskolleges
- personeellede wat gemoeid is met die beplanning, beheer en inspeksie van Bybelkunde op sekondêre en tersiêre onderwysvlak.

 ISSN 0259-9422 = *HTS* 43/1 & 2 (1987)

Reeds by die aanvoorwerk vir die eventuele totstandkoming van die vereniging, by die Bybelkundekongres van 1981, het dit duidelik geword dat daar dringende aandag gegee sal moet word aan die leerplanne vir Bybelkunde op sekondêre en tersiêre vlak van onderwys. In die voordrag van FE Deist op die kongres is die probleem uitgewys van die verskille in leerplanne wat dit bykans onmoontlik maak vir 'n student op voorgraadse vlak om sy studie by een universiteit te begin en aan 'n ander een te voltooi. Met soveel verskille in leerplanne is dit ook uiters moeilik om onderlinge erkenning te verleen aan kursusse wat elders gevolg is. Vir hierdie kongres het die noodsaak vir eenvormige leerplanne, ten minste op universiteitsvlak, weldra duidelik geword. Verdere stimulus vir navorsing na leerplanne het op dieslfde kongres gekom van die voordrag van PPA Kotzé, getitel 'Ontwerp en integrasie van Bybelkundeleerplanne'. Hy het gewerk met die definisie dat 'n leerplan 'die beskrywing (is) van voorgeskrewe leerinhoude wat in die loop van 'n sekere tyd onderrig moet word op so 'n wyse geformuleer dat die beginsels vir kurrikulum-ontwerp daarin weerspieël word' (Kotzé 1981: 23).

'n Leerplan behels nie net die taksonomiese ordening van 'leerinhoude' wat as die 'elementare' van 'n vakgebied geïdentifiseer is nie, maar moet ook die gebeure van die 'leerervaring' van die student ondervang.

> Leerervaring begin by die bewerkstelling van 'n vraaghouding by die student en vorder tot die ontsluiting van die leerstof op so 'n wyse dat dit verwondering by die student uitlok en die begeerte by hom laat posvat om die stof te bemeester en tot sy eie geestesbesit te maak (Kotzé 1981: 24).

Om die leerervaring te bepaal wat in 'n leerplan verdiskonteer moet word, sal daar ook aandag gegee moet word aan die volgende sake' 'situasie-analise', 'leerinhoud in samehang met leerervaring en leergeleentheid' en 'evaluering om te bepaal: onderrigpeil, resultaat van onderrig, ens' (Kotzé 1981: 25). Wat Kotzé dus uitgewys het, is dat daar wesenlik twee sake is waaraan aandag gegee moet word by die formulering van 'n leerplan. Die eerste is die vakteoretiese bepaling van die afgebakende inhoud van die vakgebied. Die tweede saak wat ewe veel gewig moet dra, is die besinning oor die strategie waarmee hierdie wesenlike inhoude van die vak die student se persoonlike kennis gemaak kan word.

Op die Bybelkundekongres van 16 April 1982 is besluit om tot die stigting van 'n Bybelkundevereniging oor te gaan. 'n Konsepkonstitusie wat deur die Voortsettingskomitee – benoem op die 1981-kongres – voorberei is, is by hierdie geleentheid met enkele wysigings aanvaar. Kragtens die konstitusie word die Voortsettingskomitee nou die Uitvoerende Komitee. Hierdie komitee ontvang die bevoegdheid om sub-komitees of studiegroepe aan te wys om aan kongresbesluite uitvoering te gee.


Tydens hierdie 1982-kongres het die Universiteit van die Oranje-Vrystaat hulle bevinding bekend gemaak van 'n ondersoek na die leerplanne van vyftien universiteite. Die geweldige verskille tussen leerplanne wat formulering, orde van aanbieding en keuse van leerstof betref, blyk duidelik uit die ondersoek. Dit het ook duidelik geword dat persoonlike voorkeure van dosente 'n belangrike rol speel in die opstel van leerplanne. Om sulke voorkeure te begrens, sou dit dus wenslik wees om 'n 'modelleerplan' daar te stel. Die twee sake wat op die vorige kongres as die twee kernsake vir leerplanvorming uitgewys is, naamlik die eiening van die wesenlike van die vakgebied en die beplanning van 'n strategie om die wesenlike die persoonlike kennis van die student te maak, kom weer na vore wanneer die Universiteit van die Oranje-Vrystaat onder andere na aanleiding van sy ondersoek voorstel:

> 'n Deeglike situasie-analise van die stand van sake rakende Bybelkunde as vak moet gemaak word en hiervandaan moet 'n ondersoek na die doel van die vak gemaak word. Met ander woorde daar moet besluit word oor waarheen daar met die student beweeg moet word en wat hy moet weet en kan doen na Bybelkunde 1, 2, 3 en na die nagraadse opleiding (Kongresstuk, Bybelkundekongres – 1982: 2).

Vrae oor die 'doel van die vak' en ook na die 'waarheen . . . met die student', reflekteer die twee aspekte van inhoud en ervaring. Die een moet egter, volgens die voorstel, in die ander opgeneem word.

Hierdie tendens om naas die inhoudelike ook die situasie van die leerervaring, in samehang daarmee, te ondersoek, sodat albei gesamentlik as uitgangspunt kan dien vir 'n leerplan, vind ook weerklank in die voordrag van PPA Kotzé op hierdie kongres. In aansluiting by sy voordrag oor kurrikulering op die 1981-kongres, handel hy nou oor 'Situasie-analise as beginsel van kurrikulumontwerp met die oog op die vak Bybelkunde'. Hy onderskei tussen drie begrippe, naamlik die 'kurrikulum', die 'sillabus' en die 'werkskema'. Dit is drie verskillende

werkvlakke met elk 'n eiesoortige taakomlyning. Omdat ons hierdie model vir die res van die artikel gaan gebruik, wil ons die gedagtes van Kotzé grafies soos volg weergee: die drie terreine kan ons voorstel as drie konsentriese sirkels. Op die buitenste en mees omvattende terrein lê die aktiwiteit van kurrikulering. Dit gee aandag aan verskillende aspekte van kurrikulering en word voorgestel as interaktiewe segmente van 'situasie-analise' (A), 'doelstelling-bepaling' (B), 'bepaling van leerinhoud in samehang met leerervaring en leergeleentheid' (C) en 'evaluering' (D). Die gesamentlike resultate van die navorsing op hierdie vlak word geformuleer in 'n 'kurrikulumontwerp'. Binne hierdie aktiwiteit lê die kleiner sirkel van die 'sillabus' of 'leerplan' waarin die kurrikulumontwerp gekondenseer word tot 'n leerplan wat die inhoude van die vakgebied opnoem en taksonomies in die opeenvolgende jare van die kursus waarin dit aangebied word, rangskik. In die kernsirkel staan die 'werkskema' waarin die inhoude van die sillabus in detail uitgewerk word vir elke kontaksessie met studente in die loop van die akademiese jaar.




In die voordrag het Kotzé hom tot die omvattende gebied van die kurrikulering beperk en daarvan ook slegs die een gebied, naamlik die van situasie-analise. Terwyl dit so is dat die ondersoek na die situasie-analise uiteindelik in interaksie staan met al die ander aspekte van kurrikulering, sowel as die binne-gebiede van beide die sillabus en die werkskema, bepaal Kotzé hom by die situasie-analise as beginsituasie. Hy toon aan hoedat die belanghebbendes by kurrikulumontwerp, die

onderwysinrigtings wat betrokke is, met hulle ryke geskakeerdheid, die verwysingsraamwerk van beide die studente en die dosente, die relevante ekonomiese oorwegings en die gebruik van tegnologiese hulpmiddels, almal 'n rol speel in die kurrikulumontwerp en die kurrikulumkonstruksie.

Op grond van veral hierdie twee insette het die 1982-kongres onder andere twee belangrike besluite geneem:

Eerstens:

> Die Kongres beveel aan dat Tersiêre Onderwysinrigtings 'n situasie-analise met betrekking tot leerplanne doen en die inligting aan die Uitvoerende Komitee, deurstuur.

Tweedens:

> Die Kongres gee opdrag aan die Uitvoerende Komitee om in die lig van die beginsels van kurrikulumontwerp 'n kernleerplan op te stel met inagneming van 'n moontlike vaste tydsvolgorde in aanbieding van die stof (Besluite van Bybelkundekongres ... 1982: Uitvoerende Komitee-dokument: 1)

Dit is opvallend dat die betoog om ook die algemene situasie van Bybelkunde in ag te neem by die ontwerp van 'n leerplan, deur hierdie kongres vertolk is as 'n situasie-analise van die leerplanne aan die tersiêre inrigtings. Dit is 'n bepaalde inkorting van die aangeduide veld van ondersoek.

In die tydperk tussen die 1982- en 1983-kongres het die Uitvoerende Komitee uitvoering aan hierdie besluite gegee deur 'n studiekomitee te benoem, met die versoek om 'n konsepkernleerplan te ontwerp wat voor die 1983-kongres kon dien. Op hierdie studiekomitee het gedien proff PPA Kotzé (UP) en FE Deist (UNISA) en drr WB van Wyk (Onderwys en Opleiding) en MJG Coetzer (NKP). Tot die beskikking van die komitee is gestel al die aanbevelings wat op skrif gestel is tydens die 1982-kongres, sowel as die enkele reaksies wat ontvang is van universiteite op die 1982-besluit om 'n situasie-analise te maak met betrekking tot die leerplanne van die onderskeie universiteite. Die studiekomitee het hulle werk voltooi en as 'n verslag voorgehou aan die Bybelkundekongres van April 1983.

Die verslag het uit drie dele bestaan. In die eerste deel word verklaar dat die komitee hulle opdrag sien as die opstel van 'n leerplan wat eerder rigtinggewend as voorskrywend is, wat vir Bybelkunde op

voorgraadse vlak bedoel is, en wat primêr vir universiteite bedoel is maar hopelik sal deursuur na die leerplanne van kolleges en skole.

Die tweede deel behandel onder die opskrif 'Voorwaardes vir leerplanontwerp' drie verskillende aspekte: die universiteitsituasie (1), die leerplan (2), die student en dosent (3).

- Bybelkunde binne die universiteitsituasie staan op gelyke voet met ander akademiese dissiplines, maar vertoon tog 'n eie aard wat dit wel ensiklopedies koppel aan teologiese dissiplines, veral aan die bibliologiese dissiplines van die Ou-Testamentiese en Nuwe-Testamentiese wetenskappe, maar selfstandig maak daarin dat dit die Ou en Nuwe Testament geïntegreerd onder die loep neem en die reeds bereikte resultate van navorsing implementeer in 'n beroepsituasie.
- Die kennisinhoude en vaardighede wat Bybelkunde bied moet binne die universiteitsituasie in 'n logies opeenvolgende kursus van drie jaar aan studente aangebied word. Nadat die **wat** (die kennisinhoude) van die leerplan bepaal is, moet die **hoe** (die leerervaring) daarvan opvoedkundig uitgewerk word. Dit word gedoen aan die hand van kriteria soos tydsbeplanning, hierargie-bepaling van kennisinhoude, logiese opeenvolging van leerstof, kennisstimulering, bepaling van die verhouding informasie tot problematisering op verskillende jaarvlakke, ewewig in die kursusinhoude.
- Binne die bonte verskeidenheid motiverings en doelstellings wat daar by dosent en student bestaan, behoort die dosent se primêre doelstelling akademiese vorming te wees sodat die student stelselmatig gelei kan word om die kennisinhoude en vaardighede wat Bybelkunde bied, sy eie te maak.

Die derde deel van die verslag bied 'Die voorgestelde leerplan' aan met kernagtige toeligting by elke item van die leerplan.

Hierdie voorstelle is deur die Bybelkundekongres van 1983 aanvaar as die Kernleerplan vir Bybelkunde wat by al die Suider-Afrikaanse universiteite aanbeveel word.

Die Uitvoerende Komitee van die Bybelkundevereniging het in die tyd tussen die 1983- en 1984-kongres 'n staande Komitee vir Kurrikulumontwerp aangewys om kurrikulumontwerp en leerplanwysigings te bestudeer en aanbevelings aan die Kongres te maak. Hierdie Komitee het verslag gedoen aan die Bybelkundekongres van Mei 1984 en verklaar dat hulle met die Kernleerplan wat aanvaar is, wil volstaan en nie daaraan wil verander nie. Gedurende 1984 het die Kurrikulumkomitee in opdrag van die Uitvoerende Komitee begin deelneem aan die

ondersoek van skoolsillabusse wat deur die navorsingskomitee van die Onderwysdepartement van die Oranje-Vrystaat geloods is – 'n logiese uitvloeisel uit die navorsing na die leerplanne vir universiteite, wat egter nie vir die doel van hierdie artikel verder bespreek sal word nie.

Ons bied vervolgens in afdeling 3 die inhoud van hierdie Kernleerplan (1983: 51–53).

## 3. DIE KERNLEERPLAN

### 3.1 Eerste Jaargang

3.1.1 Inleiding tot die studie van die Bybel.

3.1.2 Die inhoud, samehang en wordingsgeskiedenis van die historiese boeke van die Bybel in breë trekke.

3.1.3 Die geografiese, kultuurhistoriese en argeologiese agtergrond van die Bybel.

3.1.4 Basiese beginsels van Skrifuitleg.

3.1.5 Ou- en Nuwe-Testamentiese temas in historiese perspektief.

### 3.2 Tweede Jaargang

3.2.1 Wordingsgeskiedenis van en samehange in die Pentateug, Sinoptiese Evangelies, Profetiese literatuur en Pauliniese geskrifte.

3.2.2 Geskiedenis, kultuurgeskiedenis en argeologie van Israel en die vroeë kerk.

3.2.3 Metodes van Skrifuitleg.

3.2.4 Ou- en Nuwe-Testamentiese temas in historiese perspektief.

### 3.3 Derde Jaargang

3.3.1 Wordingsgeskiedenis van en samehange in die Geskrifte en Johannese korpus en/of Algemene Briewe.

3.3.2 Hermeneutiek.

3.3.3 Teksgeskiedenis en Bybelvertalings.

3.3.4 Metodes van Skrifuitleg en kommentaarevaluering.

3.3.5 Ou- en Nuwe-Testamentiese temas in historiese perspektief.

## 4. EVALUERING

Die kurrikuleringsproses omvat verskillende terreine. Kurrikulumontwerp lei tot kurrikulumkonstruksie, waaruit die leerplan vloei. Die leerplan op sy beurt vereis die opstel van 'n gedetailleerde werkskema waarin die kurrikulumoorwegings via die leerplan uitmond in die beplande inhoude van 'n reeks kontaksessies. Die leerplan lê dus op die middelvlak tussen die kurrikulering en die werkskema met verbintenisse aan albei. Uit die blote leerplan soos dit hierbo staan, kan egter baie min direk afgelei word oor die omvattende kurrikuleringsproses waaruit dit ontstaan het. Die skema kan wel insae gee in die 'wat' van die kurrikuleringsproses – die kennisinhoude waarop besluit is. Die 'hoe' waarop in die kurrikuleringsproses besluit is, is moeiliker af te lei uit die blote leerplan. Die volgorde waarin die leerinhoude gelys is en die groepering daarvan in drie opeenvolgende fases, reflekteer die denke van die opstellers rondom die aspek van die leerervaring.

Ten spyte daarvan dat die leerplan beperkte insig bied in die kurrikuleringsproses wat daaragter lê, is dit noodsaaklik om uit die beskikbare inligting in die leerplan, sowel as dié in die begeleidende verslag, enersyds terug te werk na die makrovlak van die kurrikuleringsproses en andersyds na die werkskema op die mikrovlak. Die ondersoek na die makrovlak kan respektiewelik aandag gee aan die formele aspek van die vakinhoud en aan die ervarings- of situasieaspek daarvan.

### 4.1 Die vakinhoud

Omdat leerinhoud sowel as leerervaring belangrik is in kurrikulumontwerp, die 'wat?' sowel as die 'hoe?', moet aandag geskenk word aan beide gebiede afsonderlik, sowel as aan die integrering van die twee in 'n kurrikulumontwerp. In die Bybelkundekongresse van 1981 tot 1983 is herhaaldelik beklemtoon dat die inhoud van die vak baie sterk beïnvloed word deur die situasie waarin die vak beoefen word. Die tradisionele vraag na wat die wesenlike van die vakgebied is, het dus meer op die agtergrond getree ten gunste van die vraag na die strategie waardeur die wesenlike, persoonlike kennis word. Die vraag was nie net een van blote opvoedkundig strategie vir die doseer van 'n vak nie, maar pertinent die vraag na die adressante, die persone vir wie die vak

gegee word en hulle situasie. Dit word gereflekteer in die Kongrestema van 1984: ''n Evaluering van die waarde van Bybelkunde', waarmee bedoel word waarde vir bepaalde mense. Die temas van die referate was dan ook grootliks gerig op situasie-analise: 'Die waarde van Bybelkunde vir die gewone Bybellesers', 'Bybelkunde op universiteit as 'n vormende wetenskap', 'Die aktualiteit van Bybelkunde in 'n veelvolkige gemeenskap', 'Die waarde van Bybelkunde as vormende vak in die opvoeding van die adolossent'. In die Kongrestemas van 1985 kan gesien word hoe die belangstelling weer grootliks terugneig na die ander pool, naamlik die inhoudelike van Bybelkunde. Iets van die vraag na die situasie bly egter behoue, omdat dit nou gaan om die verskille in standpunt van die mense wat die vak Bybelkunde beoefen. Onder die tema 'Perspektiewe op Bybelkunde en Skrifuitleg' word op die Kongres van 3 Mei 1985 gevra na die formele a-prioriese gronde waaruit Bybelkunde beoefen kan word. Referate is aangebied onder die opskrifte: 'Fundamentalisme – Ja of nee', 'Die Histories-kritiese metode – Ja of nee', 'Modelle van Skrifuitleg'. Die kongres van Mei 1986 het hierdie tema voortgesit en in die vorm van 'n werkwinkel die twee metodes getoets aan die praktiese uitleg van 2 Samuel 24 en Matteus 14: 13–21 met hulle parallelle Skrifgedeeltes.

Dit is duidelik dat die twee aspekte van inhoud en situasie nooit werklik los van mekaar beweeg nie, maar slegs verskil in die mate waarin die een meer as die ander beklemtoon word. Teen hierdie agtergrond kan nou inligting ingewin word oor die inhoudsaspek van die Kernleerplan (1983: 44–74) soos blyk uit die leerplan self en die verslag. Alhoewel die verslag eerder bedoel was om die voorgestelde kernleerplan toe te lig as om die kurrikuleringoorwegings uiteen te sit, kan gegewens oor laasgenoemde wel daaruit afgelei word.

Die komitee se bedoeling was nie dat die leerplan voorskrywend sou wees nie, maar rigtinggewend. Dit skryf nie spesifieke inhoude of wyses van aanbieding voor nie. Dit wil ook nie 'voorskryf watter standpunte ten opsigte van die aangesnyde terreine' (Kernleerplan 1983: 53) voorgeskryf moet word nie. Daar word rekening gehou met die feit dat 'elke universiteit 'n bepaalde gemeenskap bedien en daarom bepaalde behoeftes en probleme het' (Kernleerplan 1983: 53). Die Kernleerplan bied dus 'aangesnyde terreine' wat nie gelykgestel moet word met 'spesifieke inhoude' nie. Dit kan vanuit meer as een 'standpunt' benader word. Terwyl die komitee bewus is daarvan dat nie almal slaafs by die voorstelle sal kan hou nie, beskou hy dit tog as wenslik dat daar 'nie meer as 10–15% per jaargang afgewyk behoort te word deur

individuele universiteite nie' (Kernleerplan 1983: 53). Die inhoude wat dus vir die leerplan gekies is, is daarop gemik om 'n veld van gemeenskaplikheid te identifiseer wat sowel 'n verskeidenheid van uitgangspunte as verskeidenheid van interpretasie en aanbieding erken.

Die aktuele vraagstuk op die kongresse van beide 1985 en 1986 was juis dié na die versoenbaarheid van uiteenlopende uitgangspunte soos dié van die fundamentalisme en die histories-kritiese benadering. Uit die houdings wat daar teenoor versoenbaarheid ingeneem is, wat van baie positief tot uiters negatief was, wil dit voorkom of die Kernleerplan in die praktyk met meer as net vyftien persent afwyking hanteer sal word.

Die bepaalde keuses wat in die kurrikulering gemaak is, kan egter nie ontken word nie. Soos die inhoude van die vak in die leerplan aangedui is, al is dit nie 'spesifieke inhoude' nie, reflekteer dit 'n heel bepaalde siening oor wat Bybelkunde is en waaroor dit behoort te gaan. Die leerplan is opgebou rondom vier kerntemas:

- Agtergrond en geskiedenis
- Inhoud/wording/samestelling
- Skrifuitleg en hermeneutiek
- Bybelse temas.

Die 'soort kennisinhoude' waarvoor hier gekies word, behels 'n bepaalde siening van die Bybel. (Hieruit is dit weer eens duidelik dat die vraag na die aard van Bybelkunde, ten diepste 'n vraag is na wat die Bybel is.) Die Bybel word as iets unieks gesien wat 'n eie aard het. Die eie aard en uniekheid van die Bybel staan op twee bene. Enersyds is dit 'n 'biblioteek van boeke' (Kernleerplan 1983: 46). Hiermee word bedoel dat die Bybel as afsonderlike boeke en as versameling van boeke 'n boekmaakproses deurloop het, gegroei het tot 'n versameling van boeke en aanvaar is as gefinaliseerde biblioteek deur die godsdiensgemeenskap. Andersyds geniet die versameling 'n bepaalde status, verwoord in begrippe soos 'kanon', 'inspirasie', 'Woord van God', aan die hand waarvan dit deur huidige gebruikers hanteer word. As boekversameling reflekteer die Bybel vir die leerplanontwerpers dus die bepaalde geografiese toneel van Palestina en die Ou Nabye-Ooste, die kultuurhistoriese agtergrond van verskillende kulture uit daardie gebied, 'n bepaalde tyd in die geskiedenis van die wêreld, literêre vormgewing wat eie is aan hierdie kulture, plekke en tye, en 'n tradisie van skepping, oorlewering en bewaring van die teks van die Bybel. In kort

word dit dus enersyds gesien as iets wat gegroei het uit 'n bepaalde geografiese, kulturele, historiese en literêre milieu. Andersyds geniet hierdie versameling resente waarde onder mense wat hier en nou en so leef. Daarom bestaan daar interpretasietegnieke waarvolgens hierdie historiese dokument met resente waardes verbind word. Dit behels verskillende metodes van Bybelinterpretasie, Bybelvertalings, identifisering van kernbegrippe of temas in die Bybel.

Hierdie hantering van die Bybel as historiese dokument met resente waarde is dit waaroor die vak Bybelkunde hier gaan. As akademiese dissipline wil dit binne die milieu van tersiêre onderrig mense daartoe bring om met die nodige kennis, insig en vaardigheid die Bybel te hanteer as historiese dokument met resente waarde in watter beroepsituasie hulle dan ook al beland. Terwyl Bybelkunde as akademiese dissipline sy hanteringsobjek (die Bybel) gemeenskaplik het met verskeie ander dissiplines, deel hy nie die situasie van die teoloog wat met 'n bepaalde kerklike milieu werk waarin hierdie klassieke dokument met resente waarde moet inspreek nie, ook nie dié van die geartikuleerde studieafbakening van die Ou- en Nuwe-Testamentikus wat met afgebakende dele van die Bybelversameling werk nie. Hy verskil van die ander dissiplines daarin dat hy die Bybelversameling as geheelbundel met bepaalde inherente waarde op sigself, hanteer.

Hierdie gedagtes oor wat Bybelkunde is, staan egter nie in isolasie van die voortdurende pogings om te besin oor die wese en aard van Bybelkunde nie. Sedert Bybelkunde in 1961 by die Universiteit van Suid-Afrika en daarna by een na die ander universiteit as afsonderlike vak ingestel is, is daar maar voortdurend besin oor die aard en plek van die vak. Verskillende publikasies het dan ook in hierdie verband verskyn.

Tydsgewys kan ons die gedagtes van IH Eybers eerste plaas. Sy artikel oor Bybelkunde is vir die eerste keer in 1974 gepubliseer. In afskansing van die Ou- en Nuwe-Testamentiese wetenskappe, wat binne teologiese fakulteite funksioneer en bedoel is om 'die basis te vorm vir 'n hele teologie wat onder andere gerig is op die bestudering van die dogmas en ook op die evangelieprediking' (Eybers 1982: 46), word Bybelkunde aangetref in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte en 'gaan dit in die Bybelkunde meer oor die verstaan van die Bybel as die boek waarin God Hom openbaar' (Eybers 1982: 46). In Bybelkunde is dit ook makliker as by die Ou- en Nuwe-Testamentiese wetenskappe 'om bepaalde temas en ander sake ten opsigte van die hele Bybel in oënskou te neem' (Eybers 1982: 46). Vir Eybers sou die heel basiese

vraag na wat-is-die-Bybel?, dus wees: die boek waarin God Hom openbaar ('want in die Bybel openbaar God Hom aan die mens' Eybers 1982: 48). Dit gaan vir Eybers in die Bybel primêr om 'die boodskap van God' (Eybers 1982: 48) en dit 'is 'n boodskap vir alle mense' (Eybers 1982: 48). Daar is dus 'n inhoudelike element, asook 'n betekenismoment: hierdie boodskap (/openbaring) het waarde vir mense. Die twee is onlosmaaklik verbonde. Dit gaan daarom in die bestudering van die Bybel nòg om slegs kennisname van die blote 'feite' in die Bybel, nòg bloot om die uitwerking van die Bybelfeite op mense, soos verklank in die dogma, die prediking en die kerkgeskiedenis. 'Die taak van die Bybelkunde lê dus êrens tussen die kerklike prediking en die voorbereiding vir 'n Bybel-vasvra' (Eybers 1982: 49). Die bestudering van die Bybel bloot as literêre werk sou lei tot die insameling van 'n magdom feite en gegewens. Die uitwerking van die Bybel op die lewens van mense is aan die ander kant weer die terrein van die kerklike dogma en die Fakulteit Teologie as sulks. 'Tussenin staan die Bybelkunde wat daarop gerig is om die feite te groepeer en teen hulle regte agtergrond sigbaar te maak en dan die betekenis van die geheel te probeer verduidelik' (Eybers 1982: 49). Daar moet dus enersyds navorsing wees omtrent die historiese, letterkundige en kulturele faktore wat in die Bybel 'n rol speel en andersyds na die teologiese betekenis van die Bybel. Die twee aspekte moet egter in ewewig gehou word: 'Oorbeklemtoning van die eerste (die literêrhistoriese ondersoek) of die tweede (die teologiese boodskap) ten koste van die ander, lei dikwels net tot misverstand of wanbegrip' (Eybers 1982: 49).

Die twee aspekte van Bybelkunde word dus ondervang deur 'die studie van die agtergrond (veral kultuurhistoriese agtergrond en geskiedenis) van die Bybelse tyd' (Eybers 1982: 49) en wat die 'teologiese' betref, deur: 'die kanoniek, die eksegese, die openbaringsgeskiedenis en teologiese boodskap' (Eybers 1982: 49). Vir Eybers is daar dus die 'filologiese, literêr-kritiese, historiese en argeologiese studie rondom die Bybel' (Eybers 1982: 50), wat eers volwaardig Bybelkunde word wanneer dit ook gekoppel word aan die waarde wat dit vir mense het. Die waarde word deur Eybers beskryf as 'die blootlegging van die boodskap (of kerugma)' (Eybers 1982: 50), as die stem van God 'in sy Woord hoor en sy boodskap verneem' (Eybers 1982: 50). Dit is dus duidelik dat die waarde van die Bybelse inhoud by Eybers vertolk word volgens 'n bepaalde teologiese openbaringsmodel. Dit werk met geopenbaarde rasionele kennis wat getematiseer kan word en tot die mens gerelativeer kan word as 'n 'boodskap' wat aan hom gerig is.

Eybers verskil van JWV van Huyssteen (kyk hieronder) in die mate waarin die verneem van hierdie boodskap gesistematiseer moet word. Terwyl Eybers nie so ver as Van Huyssteen wil gaan wat meer as net die Ou en Nuwe Testament in die Bybelkunde wil betrek nie (Eybers 1982: 51, voetnoot 2), maak hy self tog wel van 'n sistematiese denkmodel gebruik wat veel eerder aan die kerklike dogmatiek as aan die Bybelkunde ontleen is. Die Kernleerplan sou jare later wel so ver gaan om 'temas' in die Ou en Nuwe Testament uit te wys. Dit sou egter nie een spesifieke model van sistematisering van hierdie temas voorstel nie. Dit sou ook die temas eerder binne 'n historiese as 'n sistematiese raamwerk plaas. Vergelyk in die verband die formulering van temas in die derde jaargroep: 'Ou- en Nuwe-Testamentiese temas in historiese perspektief' (Kernleerplan 1983: 53).

In 'n professorale intreerede tot die leerstoel in Bybelkunde aan die Universiteit van Port Elizabeth op 29 April 1974, het Van Huyssteen besin oor die aard en taak van Bybelkunde aan die universiteit. Bybelkunde omvat vir hom die twee wesenlike momente van verlede en toekoms. In die verlede lê ''n boodskap wat met die geskiedenis en in die geskiedenis oorgelewer is en vandag nog in die gestalte van die Bybel tot ons wil spreek' (Van Huyssteen 1974: 16). Die boodskap wat die Bybel in historiese gestalte dra, is dié van 'n realiteit wat vir ons 'nou reeds voorlopig toeganklik is op grond van wat in die verlede gebeur het en vandag nog tot ons wil spreek', die realiteit van God, sy koninkryk, sy heerlikheid, 'wat in die mees letterlike sin van die woord nog, voor-lê, waarvan die diepste sin toekomstig is' (Van Huyssteen 1982: 16). Alhoewel ons hier ander begrippe en ander inhoude vir begrippe aantref, as wat ons tot dusver na gekyk het, is die wesenlike steeds dat die Bybel 'n historiese dokument is met resente (en hier veral: futuristiese) waarde. Die 'waarde' vir Van Huyssteen is die mens se eksistensialistiese betrokkenheid op die werklikheid wat volgens die Pannenbergse model 'n werklikheid is wat in sy totaliteit betrokke is op God. Die waarde van die Bybel is daarin geleë dat dit ons in ons alledaagse bestaan Godsbetrokke maak. Dit is tewens vir Van Huyssteen die skopus van die Bybel, die saak waarom dit in die Skrif gaan. Die Bybel is Woord van God omdat dit 'die verhaal van die Geskiedenis van God met hierdie werklikheid' (Van Huyssteen 1982: 6) is. Die saak waarom dit in die Bybel gaan is 'God en sy komende Koninkryk en die universele implikasies daarvan' (Van Huyssteen 1982: 11). Die Bybel 'openbaar' aan ons en gee aan ons die toegang daartoe om saam met die totaliteit van die werklikheid betrokke te wees by God. Dit is nie net

rasionele informasie nie, maar woorde wat die mens eksistensieel beweeg tot 'n nuwe belewing van die werklikheid waarin hy reeds is. Dit bring die mens daartoe om raak te sien dat die volle werklikheid in verhouding staan tot God en dat hy as deel van hierdie totaliteit saam met alles in verhouding met God moet staan.

Vanuit hierdie funksionele Skrifbeskouing is die Bybelkunde dus in eerste instansie gerig op die inhoud van die Bybel, op dit wat daar geskryf staan. Om dit wat geskryf staan, in sy volle impak te begryp en te ervaar, is dit noodsaaklik dat dit ontleed moet word. In 'die Bybelkunde gaan dit daarom om met alle beskikbare middele so eksak as moontlik te wete te kom wat daar gebeur het en waarom dit in die Bybel so geskryf staan' (Van Huyssteen 1982: 5). Wat geskryf staan, is van wesenlike waarde vir die leser. Hantering van die Bybel as 'geïnspireerde Woord van God' vereis 'insig in die menslikheid en historisiteit van die Bybel juis as Woord van God' (Van Huyssteen 1982: 14). Omdat die werklikheid wat in sy totaliteit betrokke is op God, geen ander werklikheid is as die waarin ons leef nie, 'moet die Bybelkunde dus metodies deeglik rekening hou met die feit dat Gods openbaring in die Skrif tot ons kom deur die voertuig van menslike taal, wat nie meganies as spesiale openbaringstaal te verstaan is nie' (Van Huyssteen 1982: 15). Hierdie taal van die Bybel kan nooit los van sy tyd en omstandighede gemaak word nie: '. . . die wyse waarop hierdie destydse gebeure verbaal gestalte gevind het, (kan) nooit onhistories en op absolute wyse losgemaak . . . word van die gebeure self nie' (Van Huyssteen 1982: 15). Maar hierdie tydsbepaalde geloofstaal het 'n waarde wat bo tyd en omstandighede uitstyg. Dit verwys 'na 'n werklikheid wat hierdie taal self te bowe gaan', dit verwys beeldend en metafories na die werklikheid wat 'die destydse historiese situasie en elke historiese situasie sedertdien transendeer' (Van Huyssteen 1982: 16), naamlik die betrokkenheid van die totaliteit op God. Daarom sal Bybelkunde vanuit 'n bestudering van die Ou Testament en 'n bestudering van die Nuwe Testament ook nog moet kom tot 'n 'sistematiese besinning oor die sentrale temas wat die Bybel as studie-objek self opwerp' (Van Huyssteen 1982: 5). Aan die hand van die 'historiese, kulturele, taalkundige en die literêre faktore wat in die Bybel so 'n dominante rol speel . . ., die lig wat die argeologie op die Bybel en sy ontstaantyd werp, . . . die milieu waarin die Bybel ontstaan het . . . dit wil sê die geskiedenis, kultuur en godsdienstige beskouinge van Israel en sy wêreld' (Van Huyssteen 1982: 5), moet daar aandag gegee word aan die saak wat al hierdie sake beheer: die openbaring van God midde

in ons werklikheid. 'Dan pas is die openbaring van God voltooi ... wanneer dit ook gestalte aangeneem het in die menslike denke en so al denkende toegeëien kan word' (Van Huyssteen 1982: 6).

Die sistematiese nadenke oor die openbaring van God in sy relevansie vir die werklikheid in sy totaliteit, snoer die Bybelkunde in universiteitsverband saam met al die ander dissiplines en wetenskappe in hulle werklikheidsbetrokkenheid. Ook Bybelkunde probeer om die werklikheid en sy samehange te ken. As akademiese dissipline is hy eweneens gewikkel in die fundamentele wetenskapsteoretiese problematiek van wetenskaplike navorsing, en sal die Bybelkunde ook moet vra na die werklikheid wat hy as studie-objek het, die toegang wat hy daartoe het en die metodes waarvolgens hy werk. Omdat God alleen geken kan word in die openbaring wat die Skrif bied, moet 'vir elke tyd en elke situasie vooruitgrypend en voorlopig insigte geformuleer kan word op grond van die Skrif, as ons enigste toegangsweg tot hierdie God' (Van Huyssteen 1982: 12). Dit sluit 'elke antikritiese biblisistiese Skrifopvatting' (Van Huyssteen 1982: 12) uit, sowel as ''n kritieklose dogmatiese metode wat 'n finaal geformuleerde openbaringsbegrip stilswyend as uitgangspunt laat funksioneer' (Van Huyssteen 1982: 13). In 'n volgehoue sistematiseringsaktiwiteit gaan dit in die Bybelkunde daarom 'om tot 'n samehangende en verstaanbare interpretasie van die inhoud van Gods openbaring in die Ou en Nuwe Testamente te lei' (Van Huyssteen 1982: 13). Dit beteken dus dat die inhoude van Ou en Nuwe Testament wat die openbaring van God histories aandui, die betrokkenheid van God op die totaliteit van die werklikheid van daardie tyd bekend maak. Hierdie totaliteit moet so gesistematiseer word dat dit sinvol formuleer wat die relevansie van God tot dieselfde totaliteit van die werklikheid is en wel in die vorm en omvang waarin die moderne mens daardie werklikheid nou beleef.

In terme van ons model van die Bybel as historiese dokument met resente waarde, beteken dit dat die resente waarde by Van Huyssteen in die swaartepunt staan. Die eksistensialistiese klem van die Pannenbergse werklikheid-in-totaliteit-model, verskuif noodwendig die klem na die steeds mees resente belewingswêreld met sy eie vitale waardesisteem. Die klem op die waarde van die Bybel hier en nou, op die sistematiseringsaktiwiteit, is dan ook die grond vir Eybers se kritiek op Van Huyssteen (Eybers 1982: 51 voetnoot 2). Van Huyssteen pleit egter nie werklik vir 'n plek vir die dogmatiek in die Bybelkunde, of vir die 'sistematisering in dogmas', soos Eybers verkeerdelik meen nie. Dit gaan nie om die geykte formulering van die dogma wat alreeds

histories verwyder staan van die huidige bestaan nie. Dit gaan vir Van Huyssteen om die volgehoue werklikheidsbetrokke worsteling waarin elke mens betrokke is om die werklikheid vir homself klein te kry en dit te kan formuleer en sistematiseer. Die wesenlike probleem hier is eerder dat die refleksie oor die werklikheid en oor die samehang van alles deur 'n bepaalde filosofiese model gedikteer word. Die mens se bestaan en die historiese gegewens van die Bybel as historiese spieël-beeld van die hede word alles vertolk binne die holistiese dialektiek van God en wêreld. En sodra die klem verplaas word na die resente waarde van die Bybel en daardie waarde bepaal word aan die hand van 'n filosofiese sisteem, het ons die terrein van die Bybelkunde verlaat. Die sistematiese teoloog is eerder dié een wie se bepaalde opdrag dit is 'to fulfill his own task in that he endeavours to use current philosophies as the basis for his primary categories or themes' (Hasel 1982: 170). Die Bybelkundige se taak is eerder komplementêr tot dié van die sistema-tikus. Sy klem lê verder terug op die Bybelse gegewens self. Hy toon in die Bybel die verskillende motiewe en temas aan wat daar is met hulle bepaalde relevansie tot die hede, maar hy klee hulle nie in volgens enige huidige filosofie of sisteem nie. 'The Biblical theologian draws his categories, themes, motifs and concepts from the Biblical text itself' (Hasel 1982: 170). Sou die Bybelkundige homself aan enige filosofiese of dogmatiese sisteem verkneg, lei die inforseer van die ryk skat van Bybelse temas in die keurslyf van so 'n sisteem onvermydelik tot die verskraling van die 'kunde' in Bybelkunde. Die Bybelkundige sal op eiesoortige wyse te werk moet gaan om die volle rykdom van die Bybelse inhoud te koppel aan huidige waarde sonder om in die proses die slagoffer te word van een of ander verskralende sisteem.

In 'n artikel oor die identiteit van Bybelkunde wys Kinghorn juis op hierdie problematiek om die kloof te oobrug tussen die historiese van die Bybel en die hede met sy snelle veranderings. Tradisioneel is die identiteit van Bybelkunde bepaal deur modelle waarin hierdie kloof nie werklik oorbrug is nie. Enersyds het die 'antieke model' die swaarte-punt laat val op die historiese verbondenheid van die Bybel, omdat dit volgens die onderliggende wetenskapsteorie die enigste gebied is wat werklik 'wetenskaplik' bestudeer kan word en as Bybelkunde hanteer kan word. Die waarde-aspek van die Bybel vir die hede word buite rekening gelaat omdat dit te 'subjektief' is om wetenskaplike uitsprake daaroor te maak. Andersyds word Bybelkunde volgens 'die konfessio-nele model' bedryf vanuit 'n bepaalde kerklik-teologiese horison, wat wel die resente waarde van die Bybel beklemtoon, maar wat slegs die

belange van 'n bepaalde groep of tyd in berekening bring. Kinghorn meen dat die eie proprium van Bybelkunde, in onderskeid van teologie, juis daarin lê om hierdie maatskaplike verskeidenheid tegemoet te tree en binne hierdie gevarieerde konteks die Bybel uit te lê. Volgens so 'n 'sosiaal-teologiese model' kan Bybelkunde dan beskou word as 'teologie op die markplein'. Omdat die Bybel self uit 'n ryk verskeidenheid van tye en omstandighede afkomstig is en 'n ryk diversiteit aan inhoud toon, kan dit die gemeenskap in sy diversiteit aanspreek. Boonop is hierdie maatskappy die uitvloeisel van die Bybel se boodskap en het die Bybel en sy uitleg nog steeds staanplek in hierdie maatskappy. Dit kan tewens binne die 'fakulteit van die humanoria' (Kinghorn 1982: 36) nog steeds lewens- en wêreldbeskoulike waardes aanbied aan 'n maatskappy wat steeds soek na die samehang van alles waarmee hy te doen het. Oor die vraag 'hoe?' die Bybel vanuit die verlede aan die moderne maatskappy daardie waardes kan bied, is Kinghorn (1982: 37) bondig:

> 'n Hoogs verantwoordelike wyse van omgang met die Bybel sowel as 'n deeglike kennis van die verskillende sosiale strukture en prosesse is nodig voordat die relevansie van die Bybel op hierdie gebiede aangedui kan word.

Dat dit nie noodwendig beteken dat Bybelkunde twee velde van ondersoek moet hê nie, word ondervang deur Kinghorn se aanbeveling dat 'daar 'n hoë en gereelde mate van samewerking is tussen die Bybeluitlegger en kundiges op die gebiede van studie wat met makrososiale sake te maak het' (Kinghorn 1982: 37). Hierdie samewerking kan die Bybelkunde wel verleen indien hy volledig erns maak met die moderne hermeneutiek. Die eise van konkreetheid en relevansie kan juis tegemoetgetree word met die huidige hermeneutiek wat met die vraag worstel 'hoe die Bybel op 'n gesagvolle en relevante wyse binne die parameters van die industriële wêreld met sy eiesoortige eise en strukture kan funksioneer' (Kinghorn 1982: 38). Kinghorn waarsku egter, tereg, dat by 'alle aandag vir die konkreetheid van die teologie mag die gevaar dat die konkrete milieu op 'n sluipende wyse die proprium van die teologie word, natuurlik nie geminag word nie' (Kinghorn 1982: 39). Dit dui dan ook die wesenlike gevaar aan wat in hierdie benadering verskuil lê. Geen maatskappywetenskap is sonder 'n standpunt oor samelewingsvorms, antropologie, etiek ensovoorts, nie. Die toets na die versoenbaarheid van die teologie met hierdie

standpunte voer die teologie tot standpuntinname oor sake wat baie dikwels buite die kader van die teologie val en in elk geval ver buite die raamwerk van die Bybelkunde.

Wat in elk geval by Kinghorn gebeur, is dat die diverse historiese milieu van die Bybel juis deur die hermeneutiese soeke na konkreetheid in die hede benut kan word en 'n Bybelkunde kan teweegbring waarin kontekstualisering 'n geweldige groot rol speel. Waar dit by Van Huyssteen 'n eksistensialistiese sistematisering was om tot insig in die relevansie van die openbaring tot die totaliteit van die werklikheid te kom, is dit by Kinghorn 'n meer praktykgerigte soeke, in oorleg met gemeenskapkundiges, na waardes wat die maatskappy kan aanspreek. By beide is die gedagte egter duidelik dat die situasie waartoe die Bybelkunde hom rig, 'n besliste rol speel in dit wat Bybelkunde moet wees. Dit sluit aan by die kurrikuleringsteorie in die opsig dat nie net die vakinhoud nie, maar ook die situasie as bepalend beskou word vir wat Bybelkunde is. Die vraag bly egter in hoeverre die situasie die toon moet aangee.

### 4.2 Hoe? – Die situasie van Bybelkunde.

Die situasie wat in die Kernleerplan gereflekteer word, is primêr die onderrigsituasie aan die universiteit. Die komitee het van die vraag uitgegaan: Watter doel wil Bybelkunde met 'n driejarige kursus aan 'n universiteit bereik? Die doel word onderskei in 'kennisinhoude' en 'vaardighede'. Die inhoude behels die twee aspekte wat ons reeds by herhaling aangedui het: enersyds die kultuurhistoriese konteks van die Bybel en andersyds die weg waarlangs die waardes van die Bybelse inhoud in die hede bepaal kan word. Die vaardighede bestaan in die aangeleerde vermoë om die wyse waarop Bybelse inhoude teen hulle kultuurhistoriese agtergronde nagevors is en waarop dit op die hede betrek word, te beoordeel en self ook werk van 'n soortgelyke aard te kan doen. Uit die struktuur van die kernleerplan blyk dan hoe die komitee geoordeel het dat die student in die onderrigsituasie tot hierdie doelstellings gevoer kan word deur op 'n glyskaal die inhoud van die kursus te orden vanaf 'n oorwegend informasie-georiënteerde aanbieding tot 'n finale fase waarin informasie en problematisering om die helfte voorkom.

Terwyl die onderrigsituasie in die ordening van die Kernleerplan en in die begeleidende verslag van die komitee 'n baie prominente rol

gespeel het, het die ruimer situasie baie minder aandag ontvang. Dit reflekteer in 'n hoë mate die interessante reaksie op die pleidooi vir situasie-analise op die 1982-kongres, waarna reeds hierbo verwys is. Dit is egter duidelik dat die bedoeling daarvan nie is om die breër gemeenskapskonteks wat aangedui is, te bestudeer nie, maar eerder die enger situasie van leerplanne aan tersiêre onderwysinrigtings. In die verslag van die Kernleerplan-komitee word die groter konteks wel gereflekteer in 'n beroepsgerigte onderskeiding van studente wat Bybelkunde neem: die wat dit met die oog op onderrig neem (onderwysers), teologiese studente (predikante) en die wat dit gewoon uit belangstelling neem. Die probleem daarvan dat elke universiteit 'n bepaalde gemeenskap bedien met bepaalde behoeftes en probleme, dat daar talle uiteenlopende standpunte kan wees oor die inhoude wat in die leerplan aangedui is, dat studente en dosente verskillende kerklike stromings verteenwoordig, word ondervang deur die komitee se standpunt dat dit hier om akademiese vorming gaan. Die onderrigsituasie word dus wel gekonfronteer met die gemeenskapsituasie, maar word nie daardeur voorgeskryf nie. Dit is eerder die akademiese nadenke oor wat die wesenlike van Bybelkunde moet wees, wat hier normatief gestel word. Daarom moet die 'student van sy eie sienings, opvattings, denkwyses en verwagtinge gelei word na die wat regtig in verband met die vak Bybelkunde staan' (Kernleerplan 1983: 50). Hoewel die wyse waarop die werkskema en aanbieding van die Kernleerplan moet geskied, nie voorgeskryf word nie maar afhang van die standpunte van die dosent ten opsigte van die aangesnyde terreine, verwag die komitee dat daar minimaal van die leerplan afgewyk sal word. Die motivering hiervoor is dat 'dit studente wat van die een na die ander universiteit oorskakel nog steeds te lank (sal) neem om agterstande in te haal' (Kernleerplan 1983: 53). Dit is met ander woorde die praktiese sake van die kampusmilieu wat die afwyking verhoed. Terwyl dit in beginsel alreeds moeilik, indien nie onmoontlik nie, sou wees, om een leerplan met nie meer as 15% afwyking by verskillende universiteite landswyd ingestel te kry, is daar twee pertinente probleme wat hier opduik. Dit is in die eerste plek moeilik om in te sien hoe verwag kan word dat mense vanuit soms drasties verskillende agtergronde met dieselfde leerplan sal kan werk. Die leerplan is dan juis die neerslag (die gebied binne die konsentriese sirkel) van 'n kurrikulumontwerp wat op sy beurt gekonstrueer is uit spesifieke standpunte en bepaalde besluite rakende die inhoud van 'n vak en die situasie waaruit en waarvoor dit bestem is. In die tweede plek is dit 'n vraag of Bybelkunde, selfs as universiteitsvak,

hom so dominant kan laat lei deur die universiteitsituasie, of bloot net die student se toekomstige beroepsituasie. Die gedagtes by Kotzé, Van Huyssteen en Kinghorn hierbo het veel meer gemaak van die gemeenskapsituasie as wat ons in die Kernleerplan teenkom.

Die 1984-Bybelkundekongres het, soos reeds aangetoon, baie aandag gegee aan die gemeenskapsituasie. Lategan (1984) het aangetoon dat die rol van die leser in die moderne hermeneutiek baie beklemtoon word. Dit het onder andere die implikasie vir die Bybelkunde dat hy ook buite die tersiêre inrigting diensbaar moet raak aan die breër geloofsgemeenskap en aandag sal moet gee aan die sogenaamde 'gewone Bybelleser'. Dit is vir die Bybelkunde 'n gulde 'geleentheid waar die nie-professionele teoloog, die sg "gewone Bybelleser", wetenskaplik en akademies gevorm kan word' (Lategan 1984: 5). Dit het vir Bybelkunde die belangrike implikasie dat hy 'in die beplanning van sy kursusinhoude en die aanbiedingswyse van die vak' (Lategan 1984: 6) met hierdie diensgeleentheid aan die gewone Bybelleser rekening sal moet hou. By Lategan speel die huidige tendens van die hermeneutiek, die gedagte van die 'oop universiteit' (in die sin van dienslewering aan die gemeenskap waarin die universiteit gesetel is), en die rol van die situasie-analise in kursusbeplanning (kurrikulering), 'n belangrike rol.

Van Huyssteen (1984) het op dieselfde kongres Bybelkunde as 'n vormende wetenskap binne die universiteitsmilieu bespreek. In aansluiting by sy intreerede tien jaar vantevore, is sy standpunt steeds dat Bybelkunde geen identifiseerbare, aparte vakwetenskaplike selfstandigheid het nie. Vakwetenskaplik is dit 'toegepaste teologie' wat met teologie die veronderstelling deel dat die werklikheid in sy totaliteit op God betrokke is. Bybelkunde het wel 'n 'funksionele selfstandigheid'. Dit kan beskou word 'as teologie-met-die-oog op Godsdiensonderrig en Bybelkunde op skool, asook as voorbereiding vir latere meer omvattende teologiese opleiding' (Van Huyssteen 1984: 4). Terwyl Bybelkunde vir Van Huyssteen wel 'n beroepsgerigte dimensie het en ook kragtens sy uitgangspunte wat hy met die teologie deel om oor die totaliteit van die werklikheid in sy verhouding tot God na te dink, werklikheidsbetrokke is, is dit nie in feite die alledaagse praktyk nie. Dit is eerder kultuurbetrokke waar dit skouer aan skouer met ander dissiplines soek na die samehang van die totaliteit van die werklikheid. Daarom speel Bybelkunde eerder 'n teoreties en voorligtende rol aan die kultuurgemeenskap vanuit sy sistematiserende arbeid, as wat dit Kinghorn se teologie op die markplein is.

### 4.3 Die werkskema

Wanneer 'n dosent werkskemas aan die hand van die Kernleerplan gaan uitwerk, gaan 'n lewendige proses van interaksie plaasvind. Die dosent word nie net gekonfronteer met 'n lys onderwerpe in 'n leerplan waaroor hy moet doseer nie, maar in die keuse en ordening van die onderwerpe word hy tegelyk gekonfronteer met die kurrikulumontwerp wat agter daardie sillabus lê. Die dosent en veral die instansie wat geneig is om meer as vyftien persent van die Kernleerplan af te wyk, sal grondig moet nadink oor die komponente van sy eie kurrikulumontwerp. Dit is veral in die opsig van rekenskap oor kurrikulumontwerp, meesal aanspreeklikheid oor die gebrek aan 'n geformuleerde kurrikulum, waarin die Kernleerplan se grootste winspunt lê.

Samevattend kan nou aandag gegee word aan die Werkskema ten opsigte van die verskillende komponente van kurrikulering wat Kotzé (1981: 25) aangedui het.

- Die Kernleerplan het hom in sy 'situasie-analise' hoofsaaklik beperk tot die onderrigsituasie aan die tersiêre inrigting. Dit was 'n weergawe van die algemene gedagterigting op die 1982-kongres. Die situasie-analise wat Kotzé voorgehou het, het ook sake soos die eise en behoeftes van die samelewing, die rol van die onderwysinrigting, die dosent en die student, ingesluit. By Kinghorn en Lategan was die gedagte dat Bybelkunde ook buite die universiteit in ontmoeting met Jan Alleman moet tree. Van Huyssteen se gedagte was teoreties gemik op die volle werklikheid, maar het in feite neergekom op die kultuuraktiwiteit van die universiteit in die samelewing.

  'n Akademiese hoogdrawendheid wat Bybelkunde slegs volgens 'akademiese' insigte wil bedryf, loop die gevaar om mense insigte en vaardighede aan te leer wat uit voeling is met die eise en tendense van die samelewing. Bybelkunde wat oormatig byderwets wil wees, hou nie net op om Bybel-kunde te wees nie, maar word 'n konkurrent vir die kerklike apostolaat en sending. Bybelkunde moet die ewewig bewaar tussen vakinhoud en vaksituasie, historiese relevansie en resente aktualiteit. Dit moet die riglyne vir sy gemeenskapsbetrokkenheid soek in die geformuleerde 'missie' van die tersiêre instituut waaraan dit verbonde is. Binne die raamwerk van die betrokke inrigting se bestuursbeleid moet langer termyndoelstellings en meer onmiddellike doelwitte geformuleer word. Binne die raamwerk van sy fakultêre verbondenheid sal Bybelkunde veel meer erns moet maak met sy gesitueerdheid in die Fakulteit Lettere, as wat tot

hiertoe die geval was aan Suid-Afrikaanse universiteite. Bybelkunde sal nie soseer moet differensieer in verskillende kursusse vir verskillende beroepsrigtings nie, maar veel meer in gesprek moet tree met die relevante ander vakgebiede sodat 'n beter strategie uitgewerk kan word oor die totale pakket van kennis en vaardigheid waarmee die student aan die samelewing afgelewer behoort te word.

- Die grootste probleem by die 'vakinhoud' lê by die vraag na die aard en wyse waarop die historiese stof van die Bybel aan resente waarde verbind kan word. 'n Werkswyse wat die historiese aspek oorbeklemtoon, is net so fataal as een wat dikteer word deur 'n moderne filosofiese sisteem of dogmatiese ontwerp. Die klem sal hier moet val op die eiesoortigheid van die Bybelse temas, maar veral op die ryk verskeidenheid van temas en onderwerpe wat in die Bybel aangebied word. In hierdie opsig sal die moderne tendense in respektiewelik die Ou-Testamentiese en Nuwe-Testamentiese teologie, waar die verskeidenheid tans beklemtoon word, van aansienlike hulp wees. Die Kernleerplan bied op al drie jaarvlakke geleentheid vir die behandeling van sulke Bybelse temas. Dit is egter juis op hierdie terrein waar Bybelkunde buitengewone eise stel. Die verskillende temas van die Bybel moet op een of ander wyse geïntegreer word, sonder om in sistematiese of kerklike teologie te verval. Omdat Bybelkunde so eng aan teologie verbonde is en dosente vir Bybelkunde meesal uit teologiese kringe gewerf word, is die bestaan van twee afsonderlike en parallellopende vakgebiede (Ou-Testamentiese en Nuwe-Testamentiese wetenskappe) tot hiertoe grootliks op Bybelkunde oorgeplant. Die voller integrering van nie net die Bybelse temas nie, maar ook van die ander vakinhoude van Bybelkunde is iets wat nie figureer in die Kernleerplan nie en wat dringende aandag sal moet kry.
- 'Leerinhoud in samehang met leerervaring en leergeleentheid', is 'n verdere aspek van kurrikulering. Die verslag van die komitee wat die Kernleerplan opgestel het, gee blyke van grondige besinning oor hierdie aspek. Uit die uiteensetting van die Kernleerplan is nie net 'n bepaalde seleksie en ordening duidelik nie, maar ook 'n poging om op 'n glyskaal 'n kursus op te stel wat van oorwegende informatiewe aard geleidelik oorbeweeg na een wat in gelyke mate met informasie en problematisering werk.
- Dit bly egter in laaste instansie die dosent wat die werkskema opstel en dit in die kontaksessies uitvoer wat die sukses van die onderrig bepaal. Dit is die dosent wat voor die uidaging staan om opvoed-

kundige kennis te integreer met vakkundige kennis en dit so aan te bied aan die hand van die Kernleerplan binne die opvoedkundige situasie dat hy/sy werklike Bybelkundiges kan kweek.

**Literatuurverwysings**


BESLUITE VAN BYBELKUNDEKONGES GEHOU AAN DIE RANDSE AFRIKAANSE UNIVERSITEIT, Vrydag 16 April 1982. Uitvoerende Komitee-dokument. Die Suider-Afrikaanse Bybelkundevereniging.

EYBERS, IH 1982. Bybelkunde, in Eybers IH, König, A & Stoop, JAAA, *Inleiding in die Teologie*. Derde uitgawe. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

HASEL, G 1982. *Old Testament Theology: Basic issues in the current debate*. Grand Rapids, Michigan: Eerdmans.

KERNLEERPLAN VIR BYBELKUNDE AAN SUIDER-AFRIKAANSE UNIVERSITEITE 1983. *Scriptura* 9, 44–55.

KONGRESSTUK BYBELKUNDEKONGRES 1982. Voordrag voor die Bybelkundekongres in April 1982 te RAU voorberei deur die Universiteit van die Oranje Vrystaat. Die Suider-Afrikaanse Bybelkundevereniging.

KONSTITUSIE. DIE SUIDER-AFRIKAANSE VERENIGING VIR DIE BEVORDERING VAN BYBELKUNDE s a. Uitvoerende Komitee-dokument. Die Suider-Afrikaanse Bybelkundevereniging.

KOTZÉ, PPA 1981. Ontwerp en integrasie van Bybelkundeleerplanne. *Scriptura* 4, 23–29.

KOTZÉ, PPA 1982. Situasie-analise as beginsel van kurrikulumontwerp met die oog op Bybelkunde. *Scriptura* 7, 20–31.

LATEGAN, BC 1984. Die waarde van Bybelkunde vir die gewone Bybelleser. Ongepubliseerde referaat Bybelkundekongres 1984. Die Suider-Afrikaanse Bybelkundevereniging.

VAN HUYSSTEEN, JWV 1974. *Wat is Bybelkunde?* Port Elizabeth: UPE. (Universiteit van Port Elizabeth Publikasiereeks. Intreerede Nr D6.)

VAN HUYSSTEEN, JWV 1984. Bybelkunde op universiteit as 'n vormende wetenskap. Ongepubliseerde referaat Bybelkundekongres 1984. Die Suider-Afrikaanse Bybelkundevereniging.